

Die karkas van die agtjarige witrenosterbul. Foto verskaf (https://cdn.nmh.com.na:2083/S3Server/republikein/uploads/images/2024/07/16/334289.jpeg)

MISDAAD (/MISDAAD)

# WITRENOSTERBUL IN OKAHANDJA-DISTRIK GESTROOP

**Francoise Steynberg**

1 DAG GELEDE - 2024-07-16 12:57:00

'n Witrenosterbul se karkas is gistermiddag op ‘n plaas in die Okahandja-distrik gevind nadat hy aanvanklik deur stropers gekwes is.

Die gekweste bul is verlede week op die plaas ontdek. Twee veeartse het die plaas besoek om die agtjarige renoster te behandel nadat hy deur die stropers in die voorkop geskiet is.

Die eienaar van die plaas het aan NMH gesê hy het nog Sondag omstreeks 18:00 oor die plaas met sy girokopter gevlieg en die bul lewend gesien.

“Maandag omstreeks 12:00 het ek sy karkas - min of meer op dieselfde plek as waar hy Sondagaand was - ontdek, asook die voetspore van die stropers," het die eienaar gesê.

Lede van die Blue Rhino-taakspan is op pad na die plaas om die saak te ondersoek. - francoise@nmh.com.na

Paratus Telecommunications Web Banner July 2024 (https://nmh.my.na/advert/track/

**KOMMENTAAR**

**Republikein** 2024-07-17

Geen kommentaar is op hierdie artikel gelaat nie

**MELD ASSEBLIEF AAN OM KOMMENTAAR TE LEWER**

Klik hier om aan te meld

36 Fiji U20 | Argentina U20 34 vs 24 South Africa U20 | Italy U20 28 vs 15 Spain U20 Katima Mulilo: 12° | 32° Rundu: 12° | 33° Eenhana: 11° | 33° Oshakati: 11° | 3